BEELD
Wednesday, 18 February 2009, p. 8

Fotokompetisie

Avontuur – die wenners

Eerste plek (A5): Paul van Deventer het dié onbekende seilplankryer in Desember op net die regte oomblik by Bloubergstrand afgeneem. Daarmee wen hy 'n Canon EOS 450D en 'n PIXMA MX850-drukker, saam meer as R13 000 werd.

Foto's wat wen

Hier is hulle vandag: die ses wenners van *Beeld* en Canon se fotokompetisie in samewerking met Mitsubishi Motors.

Nadat 'n span beoordelaars agt finalisfoto's in elk van onderskeidelik die natuur- en avontuurkategorieë gekies het, kon *Beeld* se lesers tot eergister per SMS vir hul gunstelinge stem.

Duisende stemme is ontvang, wat beteken die wenfoto's wat vandag op dié blad te sien is, is dié waarvan *Beeld* se lesers die meeste hou. Die gehalte van die inskrywings was oor die algemeen baie hoog – gaan kyk gerus op www.beeld.com ook na al die pragfoto's wat dit nié gemaak het nie.

Meer as R100 000 se pryse word vandag uitgedeel:

- Vyf EOS450D-kameras met 'n EF-S18-55 IS MM-lensstel ter waarde van sowat R10 000 elk;
- Drie Powershot SX100 IS-kameras ter waarde van sowat R3 000 elk;
- Drie HF100- digitale videokameras ter waarde van sowat R11 000 elk; en
- Twee Pixma MX850-drukkers ter waarde van sowat R3 000 elk.

Die naam van die wenner en sy of haar prys word telkens onderaan die foto vermeld.

Fotokompetisie
Beeld Canon
MITSUBISHI MOTORS



Tweede plek (A2): Marihes van Rooyen het die oomblik vasgevang toe dié valskermspringer tydens 'n kompetisie in Pretoria bietjie harder as beplan met die aarde kennis gemaak het. Sy wen 'n Canon HF100- digitale videokamera ter waarde van R11 000.



Derde plek (A3): Dirk Smith wen 'n Canon Powershot SX1000 IS-kamera van R3 000 vir dié skoot van Achim ter Horst op pad boontoe op die eiland Ko Ya Wabun in Thailand.

BEELD
Wednesday, 18 February 2009, p. 8

Natuur – die wenners

Eerste plek (N8): Christa Oelofse wen 'n Canon EOS 450D én 'n PIXMA MX850-drukker, gesamentlik meer as R13 000 werd, met dié uitsonderlike foto wat sy vanuit 'n helikopter geneem het tydens 'n vakansie op die Mosambiekse eiland Benguerra. Sy het die sandbanke van die riviermond afgeneem, en later besef 'n olifant se gesig is daarin te sien!

Tweede plek (N2): Hendri Venter van Vereeniging wen 'n Canon HF100-digitale videokamera ter waarde van R11 000 vir dié vroegoggend-toneel van 'n klompie bobbejane in die Krugerwildtuin.



Derde plek (N7): Dié kuifkopvisvanger met prooi het vir André Jordaan van Springs 'n Canon Powershot SX1000 IS-kamera van R3 000 as prys in die sak gebring.

Hulle het gestem – en gewen!

Die volgende lesers het gestem en is die gelukkige wenners van 'n klompie baie lekker pryse:

- Loraine Heydenrych van Boksburg: Canon EOS 450D (R10 000)
- Elsie Meiring van Pretoria: Canon EOS 450D (R10 000)
- Josef van den Berg van Secunda: Canon EOS 450D (R10 000)
- Hendrik Ungerer van Klerksdorp: Canon HF100- digitale videokamera
- Dirkie de Waal van Brakpan: Canon Powershot SX1000 IS